

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

11 April 2021



www.gkcachet.org.za

Afrikaanse ErediensteSondae 09:30 en 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op
NWU Kampus, Hoffmanstraat 28

English Worship ServiceSundays 10:45

In the Church House on the
NWU Campus, 28 Hoffman Street

KerkkantoorDinsdae en Vrydae 08:30-12:00

Lulu Coetsee – 018 294 4894;
079 4949 7360

Predikant

Ds Brahm Robinson – 064 656 1374;
brahmrobinson@gmail.com

Kontakpersone & Inligting **Pastorale berader:**

Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

Hulppredikante:

Prof. (Oom) Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

Susters:

Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):

Nardus Buys – 076 413 7273
nardusbuys14@gmail.com

Koster en Powerpoints:

Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

Jubila-voorsitter:

Estmia van der Walt – 078 625 7400
estmia.hm@gmail.com

Vervoer na eredienste en kerkaksies:

Zard Aucamp –
061 638 5247

**Stuur enige inligting vir die Cachetbiljet na:**

Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

Erediens preke en oordenkings:

<http://gkcachet.org.za/preke/> 

Bankbesonderhede:

Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van

Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne: 

<https://npwepener.wixsite.com/website>



Oggenddiens

Wikus Opperman

Skriflesing: Josua 24:1-28

Uitsending: [Oggenddiens](#)

Aanddiens

Ds Brahm Robinson

Skriflesing: Eksodus 2:11-25

Tema: God se verlossing op sy bestemde wyse

Uitsending: [Aanddiens](#)




gedagte vir die week

Dié wat Hom dien, behoort aan Hom;
en hulle wat uit ander lande kom,
word kinders van sy stad genoem.
Met sang en dans word Hy geprys, geroem,
dié wat Hom ken, in elke land.
Die Allerhoogste hou sy stad in stand.

Psalm 87:2 (Cloete)

CACHET

Lief en Leed:




Liefdegawes:



Elektroniese betalings van kollekte en bydraes:

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir die eerste kollekte:

<https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287>**Oggend 1ste kollekte:**
Emeritaats versorging

EFT vir kollektes:

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Emeritaats versorging
(deponeer elke kollekte apart)

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir tweede kollekte:

<https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324>**Aand 2de kollekte:**Instandhouding van die
Erediens

EFT vir kollektes:

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Instandhouding van die
Erediens
(deponeer elke kollekte apart)

Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:

Snapscan vir maandelikse bydraes:

<https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I>

ABSA Tjekrekening
0670340023
Takkode: 335138
Verwysing: Naam, van en wyk

VERJAARSDAE:

- 11 April Prieur du Plessis
- 12 April Philip Wepener
- 14 April Konia van der Walt



*Maar laat u volk, van sorges vry,
in U weer vrolik wees en bly,
en uitroep by hul heilgenot:
"Hoe groot, hoe wondergroot is God!"
Psalm 70:2a*

Administratief

1. Attestate

Ontvang:

- Colin Boshoff vanaf *GK Waterberg*

Vertrek:

- Anja Buitendag na *GK Thabazimbi*
- Ernest Bornman na *GK Zeerust*



2. Eredienste vir April

- 11 April – Afrikaanse oggenddiens om 09:30
- 18 April – Gesamentlike diens vir al die wyke om 10:00
- 25 April – Engelse oggenddiens om 11:00 (langnaweek)
- Die aanddienste bly durentyd om 18:00

3. Ampsdraer

Peet van der Westhuizen sal DV Sondag tydens die aanddiens ontslag uit die amp van ouderling ontvang.



Cachet ontvang visitasie op 9 Mei

Die twee predikante wat aangewys is as visitatore vir ons gemeente is Ds Hendrik Verryn en Ds Willem Steyn. (Volg hierdie [skakel](#) vir meer inligting oor visitasie.) Indien enige lidmaat die visitatore wil spreek oor enige saak in die gemeente, kan hulle vir Ds Hendrik Verryn (061 334 1519) kontak.




CACHET TOERUSTING

GIDEONS INLIGTINGSSESSIE

SONDAG 11 APRIL

NA DIE AANDDIENS



**GK Cachet
Lofsangaand
ter viering van:**

Hemelvaart

**Donderdag
13 Mei 2021
Na die
Hemelvaartdiens**

**As jy wil deelneem
aan voorlesing,
koorsang ens.
Kontak: Minette
084 580 4002**



10 - 19 JULIE 2021

NAMIBIË-UITREIK

KONTAK: JANCO (079 897 4927) /
LOUIS (072 804 9779) / ESTMIA (078 625 7400)



07 April 2021

Geagte Meneer/Mevrou

Namibië-uitreik 2021

Dit is met groot vreugde en dankbaarheid dat die Gereformeerde Kerk Cachet in Potchefstroom weer in 2021 'n uitreik na Namibië kan beplan. Na twee suksesvolle besoeke in 2018 en 2019, kon ons weens COVID-19 ongelukkig nie in 2020 besoek aflê nie.

Die span beoog om hierdie jaar vanaf 10 – 19 Julie weer werksaam te wees onder die San- en Hererobevolgings van Okakarara en Drimiopsis. Ons dienswerk sal onder andere Bybelverspreiding, huisbesoeke in die dorpie en op plase, daaglikse Evangelisasie by plaaslike laerskole en kleuterskole, sowel as opknappingswerk aan infrastruktuur behels.

Die hoofdoel van ons besoek is om met medegelowiges van reeds gevestigde gemeentes in Okakarara en Drimiopsis die vreugde van die Evangelie en ons eenheid in Christus te deel, tot die versterking van hulle geloof. Bande wat in 2018 al reeds met die inwoners van hierdie gemeenskappe gebou is, word met elke besoek versterk.

Die uitreikspan is egter afhanklik van befondsing vanaf borge om die uitgawes van die uitreik te kan dek, gegewe dat ons 'n noemenswaardige afstand moet reis en die oorgrootte meerderheid van die span uit studente bestaan. Ons benodig ook borge vir die opknappingswerk aan infrastruktuur wat gedoen word.

U bydrae, van watter aard ook al, sal baie waardeer word, van groot hulp wees in ons bediening en 'n blywende impak op die San- en Hererobevolgings in Namibië hê.

Vir meer inligting kontak:Estmia van der Walt (078 625 7400) estmia.hm@gmail.comLouis Boshoff (072 804 9779) louisbos123@gmail.comJanco Oosthuizen (079 897 4927) janco.oost@gmail.com

Vriendelike groete


Die Namibië-uitreikspan

Ds Brahm Robinson



Okakarara
2018 EN 2019


SAAM MET DS. BRAHM
ROBINSON EN SENDELING
THEO SCHUMANN



2018 EN 2019


Drimiopsis

SAAM MET DS. JEREMIA
MOLETSANE EN DS. HEINRICH
ZWEMSTRA VAN WALVISBAAI



IDEAAL AS GESKENK OF AANDENKING VIR ALMAL WAT POTCH LIEFHET!

GK CACHET FONDSINSAMELING



STORIES VAN POTCHEFSTROOM

INTERESSANT EN VERMAAKLIK -
DEUR DR. LENNIE GOUWS

R350

KONTAK LIDA - 076 263 4983

Jubeljaar Merch

Enige bestellings kan by Archelle
geplaas word en kan dan betaal en
afgehaal word tydens Koffiekroeg.

Dit sal ook tydens Koffiekroeg verkoop word,
so kom loer gerus!



Water R10




Stickers R10



Koppies R70



Sleutel-
houers R15



KAMERS TE HUUR 2021

OP KAMPUS BY GK CACHET

WATER, LIGTE, INTERNET, PARKERING
EN SKOONMAAKDIENSTE INGESLUIT

SLEGS DAMESSTUDENTE
VANAF R2700 TOT R4400 PER MAAND
PER KAMER

KAMERS IS DEELBAAR, TWEE DAMES PER KAMER

Kontak Brahm

0646561374

brahmrobinson@gmail.com



GKSA Webblad



Goeie dag aan al ons kerke.

As u op die webblad gaan, sal u 'n nuwe aansig hê. Die nadeel van so 'n nuwe blad is dat 'n mens nou net gewoond geraak het aan die oue, waar wat op die skerm is. Nou soek mens weer. Tog was dit noodsaaklik! Daar is veral twee faktore wat die verander genoodsaak het:

1. **Internet-toegang.** Al meer en meer mense het toegang tot die Internet – maar met 'n groot verskil: ons gebruik ons slimfone in plaas van 'n rekenaar. Slimfone se tegnologie is voorwaar ver gevorder – maar het ook sy beperkings. Die brein van die selfoon is baie kleiner as dié van die rekenaar, asook die skermgrootte is baie kleiner. Ons moes dus die aanpassing maak dat die webblad op die slimfoon gebruik kon maak.
2. **Herorganisasie van die blad.** Die webblad het ontwikkel vanaf 1997, waar die behoefte anders was as 2021. Hoewel die blad al twee keer 'n oordoen gehad het, is van tegnologie gebruik gemaak wat nie meer in die rekenaarwêreld ondersteun word nie.

Ons vra eerlike opbouwende opmerkings oor die nuwe blad. Ons gebruikers gee oor die algemeen baie goeie terugvoer oor leemtes en gebreke. U is steeds welkom om dit te doen.

Groete

Drr Wymie du Plessis en Hennie van Wyk (Deputate AdminBuro: webblad)

[Skakel: <https://gksa.org.za/>]

Kruispad e-tydskrif

GKSA Jeug



Help my, ek is op die verkeerde pad!

"So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen, is die slegte" (Romeine 7:19). Hierdie woorde van Paulus is moontlik iets wat elkeen van ons êrens in ons lewens self wil sê! Jesus Christus sê self vir ons dat ons dit moeilik in hierdie wêreld sal vind (Johannes 16:33). Maar net soos ons Paulus se eerste woorde wil herhaal, kan ons vashou aan sy latere woorde in vers 24: "Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here." Noudat ons pas weer Paasfees gevier het, word ons nog meer aan God se genade herinner. Alhoewel elkeen van ons sondig gebore word, het ons as Christene die troos dat Jesus Christus aan die kruis vir ons sondes gesterf het. Jesus Christus het die dood oorwin en daarom het ons die vooruitsig om eendag die ewige lewe te kan hê. Hierdie pad wat ons elkeen as gelowiges stap om daar uit te kom is egter dikwels moeilik en vol struikelblokke!

Ons het in [hierdie maand se e-tydskrif](#) artikels versamel om jou te help as jy voel dat jy op die verkeerde pad is. Lees oor [hoe jy weet of jy op die verkeerde pad is](#), oor [ons sondige natuur](#) en hoe ons dit kan oorkom [deur die Heilige Gees](#). Ons vertrou dat hierdie artikels jou sal help op jou geloofspad. [Stuur gerus vir ons 'n e-pos](#) as jy 'n vraag het, en stuur hierdie e-pos aan 'n vriend om ander te help.

Tot volgende maand,

Die *Kruispad*-redaksie

Help my, ek is op die verkeerde pad!



Hou só vas aan die Here op die regte lewens- pad

Wat moet ek doen as ek op die verkeerde pad is? Hoe weet ek dis die verkeerde pad? [Lees hier](#) hoe jy jou lewe kan ontleed en na God toe kan draai.

Net God kan ingryp teen die sonde

Ons almal is in sonde gebore. [Lees hier](#) hoe ons deur die Heilige Gees kan loskom van die praktyke van ons sondige natuur om die vrug van die Gees uit te straal.



Bou 'n muur van selfbeheersing

Jesus het ons vrygemaak van die sonde. Dáárom kan ons die Heilige Gees vra om ons die nodige selfbeheersing te gee. [Lees die artikel hier](#).

Hoe word ek deur die Gees vervul?

Dis een ding om te sê dat ons moet wegbly van die selgte, en deur die Gees vervul moet word, maar 'n ander om dit reg te kry. Hier is drie punte om jou te help. [Lees die artikel hier](#).



Wat beteken dit dat my liggaam 'n tempel van God is?

In 1 Korintiërs 6:20 lees ons dat ons God met ons liggame moet verheerlik. [Lees hier](#) hoe jou lewe moet lyk omdat jou liggaam as Christen 'n tempel van God is.

Is verslawing die vervloeking van die derde en vierde geslag?

Is verslawing aan drank of dwelms die gevolg van die tweede gebod? [Lees hier](#) wat die tweede gebod beteken en hoe die sonde nie van geslag tot geslag deur God oorgedra word nie.

Laai hierdie nuusbrieff as 'n PDF-dokument af wat jy kan deel



maandeliks, gratis, gereformeerd

WWW.KRUISPAD.NET



Afrikaanse Bybel 2020-vertaling nou weer in voorraad

Beste Vriend

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het teen die einde van verlede jaar Die Bybel: 2020-vertaling bekendgestel. Hierdie nuwe vertaling het heelwat aanklank by Afrikaanssprekende Christene gevind, maar die geweldige spoed waarmee hierdie Bybels regoor die land opgeraap is, het ons heeltemal onkant betrap.

Meer as 30 000 eksemplare van die 2020-vertaling is reeds verkoop. Verskillende bindstyle het heeltemal uitverkoop en die aantal name op ons waglyste toon duidelik 'n hoë aanvraag na hierdie vertaling.

"Dié vertaling is 'n uitstekende poging om, 'n eerlike, akkuraat opgedateerde dog altyd bronteksgetroue weergawe van die Bybel te lese te kry." – Dr Gustav Claassen

Ons hoop dat die nuwe besending Bybels wat pas gearriveer het, darem in die onmiddellike behoeftes van ons kliënte sal voorsien. Hierdie Bybels in al die beskikbare bindstyle kan nou by jou naaste Bybelhuis of ons aanlynwinkel gekoop word. So kry vandag nog jou Bybel terwyl voorraad hou.

Nog goeie nuus is dat daar 'n nuwe toevoeging tot die bindstyle is — 'n luukse verwerkte Leerbybel wat die Deuterokanonieke boeke insluit. Hierdie top kwaliteit Bybel met sy verwerkte leeromslag, goud-op-snee en duimindeksering is nou beskikbaar.

[Klik hier om jou Bybel te koop](#)

Moet ook nie vergeet van ons Engelse Uitreikbybels wat ook tans teen 'n spesiale prys beskikbaar is nie. Ons Good News Translation Bybels is tot 30 Junie 2021 teen slegs R43 beskikbaar. Dit is 'n besparing van 14%! As jy betrokke is by enige bediening waar Bybelverspreiding plaasvind, is hierdie Bybels ideaal om jou evangelisasiewerk te help. Besoek ons [aanlynwinkel](#) of kontak ons verkoopsafdeling direk by sales@biblesociety.co.za of 021 910 8733.



Opregte seënwense

minette jansen van veuren

verkoopsbestuurder

e sales@biblesociety.co.za

SAAI DIE BROOD VAN DIE LEWE!

Hier is jou geleentheid om die Woord te versprei! Het jy dalk 'n uitreikprogram? Johannes-evangelie werksboekies is nou gratis beskikbaar terwyl voorraad hou! Beskikbaar in Afrikaans, Engels, isiZulu, isiXhosa, Setswana en Sipeedi (Noord-sotho).


Stuur asseblief dadelik die vorm (p. 20) terug:

dekker@biblesociety.co.za en vanvuuren@biblesociety.co.za

Jy is ook welkom om bykomende inligting aan te vra!

SHALOM

NOTA: Die boekies in samewerking met ons vennote "Unashamedly Ethical" en "the Pocket Testament League from America"





bible society of south africa
bybelgenootskap van suid-afrika



non-profit company
maatskappy sonder winsoogmerk
company registration no / maatskappy registrasiens
2008/007505/08

BREAD OF LIFE – ORDER FORM 2021

NAME		SURNAME
CONTACT NO		CELL NO
ORGANISATION		E-MAIL
DELIVERY ADDRESS		
QUANTITY	DESCRIPTION	ISBN
	AFRIKAANS – GOSPEL OF JOHN	978-1-7360680-1-4
	ENGLISH – GOSPEL OF JOHN	978-1-7360680-0-7
	SEPEDI – GOSPEL OF JOHN	978-1-7360680-2-1
	SETSWANA – GOSPEL OF JOHN	978-1-7360680-5-2
	ISIZULU – GOSPEL OF JOHN	978-1-7360680-3-8
	ISIXHOSA – GOSPEL OF JOHN	978-1-7360680-4-5

THANK YOU FOR YOUR ORDER

Signature: _____ **Organization:** _____

Email to Carla Scheffer: scheffer@biblesociety.co.za

p o box 5500
tyger valley 7536 south africa
head office
134 edward street bellville
chief executive officer
rev dt gevers

biblia@biblesociety.co.za
t +27 (0)21 910 8777
f +27 (0)21 910 8799
www.biblesociety.co.za
www.bybelgenootskap.co.za

posbus 5500
tygervallei 7536 suid-afrika
hoofkantoor
edwardstraat 134 bellville
uifvoerende hoof
ds dt gevers

GK Cachet Kalender: April 2021



Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
28 Mrt.	29	30	31	1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11 Rooipoortjie	12	13	14	15	16	17
18 Gemeenskaplike diens Rooipoortjie	19 Woordbedieningskommissie vergadering	20 Koffiekring	21	22	23	24 Cachet 50 Staptoer
25	26	27 Vryheidsdag	28	29 50 dae uitdaging begin	30 Koningskindersaksie Klere- en worsbroodjieverkoping	1 Mei Werkersdag